



Voorlopige riglyne vir grondeienaars: Skaliegas (dieselfde riglyne kan gevolg word vir mynbou)

Verskeie olie- en gasmaatskappye het vir lisensies aansoek gedoen om sodoende vir skaliegas te eksplorieer. Die grootste gedeelte van die aansoekgebied val binne die Karoo.

Daar is 'n paar belangrike riglyne om te volg ten einde jou as grondeenaar te beskerm indien 'n maatskappy jou nader met betrekking tot eksplorasië of prospektering op jou grond.

1. Die goue reël is om die maatskappy nie op jou grond toe te laat totdat 'n ooreenkoms en regverdige kompensasië via jou regsverteenwoordiger onderhandel is nie.
2. Kontak jou prokureur onmiddellik en stel die maatskappy in kennis dat alle toekomstige kommunikasië met jou slegs deur jou prokureur moet plaasvind.
3. Verwys enige korrespondensie van die olie- of gasmaatskappy na jou prokureur.
4. Dit is belangrik dat daar op regverdige kompensasië ooreengekom word vir die gebruik van jou grond.
5. 'n Ooreenkoms rondom die gebruik van jou grond, paaie, heinings, die sluit van hekke en soortgelyke faktore moet ook op skrif deur die maatskappy uiteengesit en gevolglik nagekom word.
6. Dring aan op die goedgekeurde en finale weergawe van die omgewingsbestuursplan en/of eksplorasië-werkskedule. Dring ook aan op skriftelike identifikasië.

Jou regsverteenwoordiger sal jou verder kan lei. Dit is uiters belangrik dat grondeienaars in besit van inligting rondom die aard en kwaliteit van hul grond is voordat daar met enige eksplorasië-aktiwiteite begin word. Die kwaliteit van veral die grondwater en enige damme of riviere in die onmiddellike geaffekteerde area moet deur 'n onafhanklike en professionele persoon getoets word.

Indien enige besoedeling of skade plaasvind, moet boere met bewyse bemaagtig wees dat die water of eiendom nie besoedel of beskadig was voordat die eksplorasië of ontginningsproses 'n aanvang geneem het nie.

Vir enige verdere inligting besoek <http://www.treasurethekaroo.co.za/>

Sluit aan by die alliansie teen Skalie gas ontginning. SMS "Karoo" na 45354. R1/SMS.